

Algemene Bestuurder benodig.

'n Christelike kampeerterrein / konferensiesentrum in die Overberg is op soek na 'n voltydse bestuurder.

Wortelgat is geleë aan die oewer van die Kleinrivier-strandmeer tussen natuurlike fynbos en eeu-oue melkhoutbome. Dit bied kamp-, konferensie- en retraite geriewe vir skool-, kerk- en Christelike organisasies. Daar is vier terreine, een vir kamp en drie met akkommodasie, saal en kookgeriewe. Die terrein leen hom tot buiteligaktiwiteite op die water, by die see, in die veld en op die berg. Hulp met program-aanbieding is beskikbaar.

Van die bestuurder word geestelike en algemene leierskap verwag. Hy/sy is verantwoordelik om die bediening se personeel te bestuur, om die groepe wat die terrein gebruik te verwelkom en om wat nodig is te doen om die volhoubaarheid van die bediening te verseker.

Die doel van hierdie pos is om alle aspekte van die bediening by Wortelgat te bestuur. Dit sluit die volgende in:

- Toesig oor sakebedrywigheede
- Die opstel en bestuur van begrotings
- Aanstel van personeel
- Evaluering van prestasie en produktiwiteit
- Analisering van rekeningkundige en finansiële data
- Bemaking van die bediening
- Die uitbou van die bediening in ooreenstemming met ons visie

Vereistes:

Die suksesvolle kandidaat moet 'n volwasse Christen wees wat ervare is om 'n span te lei. Moet oor goeie skriftelike en mondelinge kommunikasievaardighede beskik. Moet rekenaarvaardig wees. Moet bemarkings- en administrasie-ervaring hê. Moet bereid wees om op die terrein te bly en die gemeenskap daar te lei. Moet hou van buiteligaktiwiteite en die natuur. Moet goed in Afrikaans en Engels kan kommunikeer. Moet 'n bestuurderslisensie hê, terwyl polisieklaring by sentrums soos hierdie 'n wettige vereiste is.

Werksure:

Hierdie bediening vereis van die posbeker om op die eiendom te woon en 'n minimum van 40 per week te werk om die doelwitte van die Trust te bereik. Vanweë die aard van die werk, sal die bestuurder die meeste naweke tydens seisoentye betrokke moet wees of net beskikbaar moet wees.

Aanzoekers stuur asseblief u CV na: Chairperson@wortelgat.org.za

Aansoeke sluit op 30 September 2020.